

Onthoupaadjie ...

Riebeekstraat, Wynberg
rondom die 1950s

John Boje



Mercury House



Ek het in Riebeekstraat, Wynberg, grootgeword. Vandag is dit 'n goeie adres, maar in die veertigerjare was dit nie 'n gesogte woonbuurt nie. In die veertigerjare het apartheid een klomp inwoners verdryf en nadat Wynberg Village, oftewel Little Chelsea, in die laat-vyftigs "ontdek" is, het dié wat oorgebly het voor gentrifikasie geswig.

Aan ons kant van die straat was skakelhuse. Ons was huurders van nr. 1 en aan die anderkant van 'n gemeenskaplike tussenmuur het ons huisbaas, mnr. Van Eyssen wat deur sy dogter opgepas is, gewoon. Na ons tyd in die huis is die tussenmuur deurgebreek; die eiendom is van 'n kamma-Kaaps-Hollandse fasade voorsien en dit het 'n nuwe identiteit as "Mercury House" gekry.

Ek onthou hoe ingenome ou mnr. Van Eyssen was toe hy op sy honderdste verjaardag 'n telegram van die koning ontvang het. Ten spyte van sy hoë ouderdom het hy Sondagaande, gesteun deur sy dogter, aangesukkel na die NG Kerk. Vir ons was die kerk net 'n kort afstand van ons huis; vir hom moes dit myle ver gewees het. As ek hul inhaal en in die verbygaan groet, dan skree sy vir hom, "Dis John, Pa." Dan antwoord hy, "Naand, John." Eenkeer toe ek 'n gebreekte been gehad het, was dit, "Dis John met sy krukke saam, Pa." Toe kry ek lag by die gedagte dat hy daarop "Naand, John; Naand, krukke" sou kon geantwoord het.

Die mense in nr. 3 was die Hudsons. Hulle was nie net Engels nie maar Rooms-Katoliek daarby en dus in dubbele mate volksvreemd. Die Longs in nr. 4 was maar net Engels. Ek kan nie onthou of dr. Resnekov in nr. 5 of nr. 6 gewoon het nie, maar hy was in elk geval gerieflik byderhand. Later van tyd kon ons op dr. Cohen in Erin Cottage net om die hoek in

Wolfestraat staatmaak. Langsaan, nr. 6 was daar 'n woonstelgebou (Rumonia?) waar my oudste suster Susan en haar man Mattie le Roux mettertyd gewoon het.

Skuins oorkant ons aan die bopunt van die straat was 'n winkel waar Indiese musiek gespeel is en wierookstokkies in 'n aartappel gebrand het en ons lekkergoed in 'n kardoos toegedraai kon koop: toorballetjies (vier vir 'n pennie), vrylekkers, rubberagtige vissies en drop wat volgens kinderoorlewering van gedroogde hondebloed gemaak is. Buite die winkel was 'n gehawende ou man te sien wat as "Rooibaard" bekend gestaan het. Hy het pal met 'n voetegestamp op aandag gekom, gesalueer en "King George" gesê. As kind was ek skrikkerig vir hom; nou weet ek van beter.

Langs die winkel het "ou Emmie" gewoon. As my hare flink met 'n presiese paadjie gekam is, het ek my verbeel dat ek soos koning George lyk en het sy my ook as haar "wit koning" geëien. My ma het graag 'n geselsie met haar aangeknoop, maar my pa het dit afgekeur, want hy het hom nie met "ander mense ingemeng nie."

Nadat Emmie se gesin moes padgee, het my oom James 'n tyd lank daar gewoon. Hy en my tante het dikwels na ons toe gekom om klawerjas te speel. Eenkeer was daar struweling toe een van die mans betrap is toe hy 'n kaart in sy skoen aan sy maat oorkant die tafel gestuur het. As my pa 'n brief van sy vakbond, die Building and Allied Workers' Union, gekry het, het hy daarmee oor die pad na my oom toe gegaan. Die aanhef van die brief was "Dear Sir

and Brother" en dit het my verstom dat die vakbond geweet het van my pa se broer en so twee pennies posgeld gespaar het.

Direk oorkant ons was Gurbakh Singh se huisie en sy gemmerbierfabriek. Hy het ons kinders soms 'n sikspens (5c) in die hand gestop, Vir 'n kind wat niks van sakgeld geweet het nie, was dit groot geld. Buitendien was 5c toe aansienlik meer as nou werd. Dit is hoeveel my pa opgedok het as hy my stuur om vir hom 'n rolletjie "extra strong" (pepermente) en 'n Cape Argus te gaan koop. Toe ek 'n student was en lootjies moes verkoop, kon ek ook altyd by Gurbakh aanklop. Die perseel van sy fabriek is tans die hoofkwartier van die Crankhandle Club vir liefhebbers en restoureerders van ou motors.

My ouer broer en susters het die Laerskool Simon van der Stel bygewoon, maar ek is in 1943 by die Lutherse Skool langs die kerk in Waterlooweg ingeskryf. Die skool het onder beheer van pastoor Ernst Fitschen wat oorkant die pad gewoon het, gestaan. Net soos ons huise was die klasse ook in pare onder 'n enkele leerkrag. In Sub A en Sub B was dit me. Scholtz; Standerd 1 en 2 is deur mev. Binnedel behartig; 3 en 4 deur mej. Eulitz; en 5 en 6 (toe nog deel van die laerskool) deur die skoolhoof, mnr Johl, later mnr Veldhuizen. Die voertaal was Engels maar dié wat wou, kon voor die skool begin Duitsklasse bywoon. In dié klasse het ek talle Duitse liedjies geleer.

Eenkeer toe mev Binnedel met siekteverlof was, het ons 'n Miss Lawrence as plaasvervanger gekry. Sy was baie Engels en het ons 'n lied geleer wat ons plegtig op aandag gesing het:

*We'll fight that Great Britain shall truly be great,
Great Britain with God in command ...*

Om die belaglikheid van die situasie te beskryf, kan ek maar net 'n uitdrukking gebruik wat ek by my kleinkinders geleer het en sê: So smokkel grootmense met 'n kind se kop!

Van my tydgenote onder die leerlinge onthou ek Gus Bosch, Oscar David, wie se pa ook gemmerbier vervaardig het, Ronnie Henry, Allan Patterson en Arthur Clifton, met wie ek nog steeds bevriend is. Van die dogters was daar Rita Harmse, Ida Ziegler, Annie van Wyk en Geraldine Eksteen. Met betrekking tot laasgenoemde het my pa my vermaan: "Moenie laat 'n meisiekind jou stof in die oë skop nie."

Ek moet ook 'n ander klasmaat, Robin Barends (nie sy regte naam nie), noem as 'n aanduiding van die onrusbarende dinge wat in daardie tydsgewrig gebeur het. Robin het eendag stil-stil uit ons midde verdwyn. Niemand het vir ons gesê nie, maar tog het ons geweet: sy hare was te kroes. Hy is geweeg en te lig bevind.

Daar was ander aanduidings van dramatiese verandering. Die poskantoor om die hoek was te klein vir twee ingange, maar die toonbank is van 'n afskorting voorsien. By die stasie is die *de facto* segregasie wat van toeka se tyd in swang was deur *de jure* skeiding vervang. Op die bankies is opdragte aangebring: "Nie-Blankes/ Non-Europeans" en "Slegs vir Blankes/ Europeans only".

'n Grappie om mee af te sluit. Op 'n stadium moes een of ander hooggeplaaste besluit het dat daardie "Slegs vir/ Only" diskriminerend was en die Departement Openbare Werke het opdrag gekry om dit te uit te wis. By die duikweg was daar 'n kennis-

gewing "Cross the line by subway only". Die "only" is verwyder maar jare daarna kon mens dit nog sien deurskemer onder sy kwasstreep wit verf.

Some Wynberg bits



- "In 1683 land along the Liesbeek River was granted to Herman Weeckens by Simon van der Stel. The farm was named De Oude Wijnbergh (Old Wine Mountain). A wagon route linking Cape Town to Simon's Town went over the hill adjacent to De Oude Wijnbergh estate. "
- "The famous astronomer John Herschel lived at Wynberg between 1834 and 1838, where he set up a telescope to study the southern hemisphere skies, and also did some botanical work on South African flowers together with his wife Margaret. In addition, it was in Wynberg that the young Charles Darwin met Herschel in 1836, a meeting which considerably influenced Darwin's later work."
- "One of South Africa's first electric power plants was built in Wynberg on Electric Road in 1893. Opened by the mayor of Wynberg, James Bisset, to provide power to a local tram system and public streetlights. "

Source: https://en.wikipedia.org/wiki/Wynberg,_Cape_Town